# SEEPUNTSTAP 2025

| | | | |
|---|---|---|---|
| **ROETE:** | Queen's Beach parkering na Bantry Baai en terug | **DATUM:** | 15 November 2025 |

**KOMMENTAAR**

Stapmaats ontmoet om 07:00 by Queen's Beach parkering. Kobus deel 'n bietjie statistieke omtrent die omgewing, asook die astronomiese bedrae wat hier aan eiendom spandeer word. Ons begin stap met redelike sterk wind, maar almal is vrolik, want die uitsigte oor die see regs en die berge links is pragtig. Boonop droom ons om lywe soos die verbygaande drawwers te mag kry! Kampsbaai strand is pragtig en is vanoggend, bo verwagting, ook pragtig skoon. Orals langs die pad is daar hope luukse motors waaraan ons ons verkyk. By Bantry Baai kies ons koers rotse toe en elkeen vind 'n lekker sitplek om ons piekniekkos te geniet, foto's te neem en te gesels. Swem is vandag nie 'n opsie nie, want die weer is koelerig. Ons begin stadig terugstap motors toe en sien die omgewing nou weer uit 'n ander hoek. Alles spreek van rykdom en weelde, maar in ons harte is ons tevrede - ons is gesond, ons kan stap, ons kan die mooi van die natuur geniet en ons het mekaar om die wereld op te vrolik!!

| STAPPER | LIDNOMMER | KM | Meters geklim | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Kobus Terblanche | 041/2025 | 11 | 50 | |
| Edna Terblanche | 040/2025 | 11 | 50 | |
| Beulagh Keulder | 051/2025 | 11 | 50 | |
| Magda le Roux | 124/2025 | 11 | 50 | |
| Cluette Cloete | 202/2025 | 11 | 50 | |
| Grant Rufus | Nie-lid | 11 | 50 | |
| Ashley Boberg | Nie-lid | 11 | 50 | |
| Chrisna du Toit | 201/2025 | 11 | 50 | |
| Ester Warnich | 122/2025 | 11 | 50 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **99** | **450** | |

| | |
|---|---|
| **NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN:** | Eie noodhulp sakkie |
| **ITEMS GEBRUIK:** | Geen benodig |

**NAME OP WAGLYS**

| | |
|---|---|
| Geen | |
| | |

| | |
|---|---|
| **VERSLAG DEUR:** | Edna Terblanche |